# Psalm 42 – Soos ’n hert in dorre streke

D G A
1. Soos ‘n hert in dorre streke
D G A D
skreeuend dors na die genot
G A
van die helder waterbeke,
D G A D
skreeu my siel na U, Jahweh!
A D
Want my siel dors na Jahweh,
G Em A
na die lewensbron; wanneer
D G D G
sal ’k na swerftog en benouing
D G Em A D
U weer sien in klare~aanskouing?

D G A
2. Maar Jahweh sal in my lewe
D G A D
weer oordag Sy guns gebied.
G A
Ook deur donker nag omgewe,
D G A D
sing ek nog my pelgrimslied.
A D
Ek wil lofsing in die nag,
G Em A
want ek bly Jahweh verwag;
D G D G
my gebed sal opwaarts strewe
D G Em A D
na die bronwel van my lewe.

D G A
3. Jahweh, Rots, op U vertrou ek,
D G A D
waarom dan vergeet U my?
G A
Ganse dae~en nagte rou ek
D G A D
onder druk en dwing’landy;
A D
want ek hoor die vyand spreek
G Em A
wat my met sy spot deursteek,
D G D G
en my toeroep met veragting:
D G Em A D
“Waar’s Jahweh van jou verwagting?”

D G A
4. O my siel, waarom onrustig,
D G A D
en wat buig jy jou in my?
G A
Waarom in Gods lof onlustig
D G A D
as die vyand jou bestry?
A D
Menigmaal het Hy jou druk
G Em A
laat verwissel in geluk.
D G D G
Hoop op Elohim, weer rustig!
D G Em A D
In Sy lof sal ’k my verlustig.